Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Maria Goretti Correia**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Maria.Correia@westerncape.gov.za | 021 467 2891

Lêerno.: 19/3/3
Verwysing: 20231031-9307

Assesseringsbestuursminuut: 0020/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders en -adviseurs, Vakadviseurs, en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Algemene bevindinge tydens 2023 se provinsiale moderering van skoolgebaseerde assessering in graad 12**

1. Die moderering van skoolgebaseerde assessering (SGA) verseker die geldigheid van die assesseringsinstrumente, regverdigheid van assesseringsprosesse, en die betroubaarheid van assesseringsbesluite deur alle opvoeders in alle distrikte volgens die ooreengekome standaarde.

2. Moderering van SGA word op skool-, distriks-, provinsiale en nasionale vlak uitgevoer om die geloofwaardigheid van die SGA-punt te verifieer.

3. Dit is noodsaaklik dat elke skool 'n assesserings- en modereringsbeleid het om te verseker dat alle assesserings aan die beginsels van regverdigheid, geldigheid en betroubaarheid voldoen.

4. Die SGA vir graad 12 bestaan uit 25% van die finale bevorderingspunt vir alle vakke wat vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS-eksamen) aangebied word. In vakke met 'n praktiese komponent en vir die Tale, waar die SGA deur die opvoeder gedoen word, kom dit op meer as 25% te staan. In die geval van Lewensoriëntering tel die SGA 100%.

5. Die samestelling van SGA vir elke vak is in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring uiteengesit. Bykomende inligting is in die volgende twee minute uiteengesit:

5.1 Assesseringsbestuursminuut 0001/2023, gedateer 23 Januarie 2023, wat die jaarlikse onderrigplanne en assesseringsprogramme vir 2023/2024 bevat.

5.2 Assesseringsbestuursminuut 0007/2023, gedateer 31 Maart 2023, wat die hersiene gewigsbepalings vir vakke met betrekking tot die assesseringsprogram vir die Verdere Onderwys- en Opleidingsband- (VOO-band), Graad 10 tot 12, bevat.

6. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement het in 2023 die provinsiale moderering van SGA's vir graad 12 vir **Rekeningkunde, Besigheidstudies, Verbruikerstudies, Ekonomie, Engels Eerste Addisionele Taal, Geskiedenis, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid** en **Fisiese Wetenskappe** onderneem.

7. Steekproewe is vir geselekteerde vakke gedoen in skole met die volgende:

- 'n Gemiddelde SGA-punt van meer as 15% bo die gemiddelde aangepaste eksamenpersentasie wat in 2022 tydens die NSS-eksamen behaal is
- Lae vakgemiddeldes (30%, 40% en 50%)
- Hoë inskrywingsgetalle
- Baie lae algehele slaagsyfers vir graad 12 in 2022.

8. Die provinsiale moderering is met behulp van gestandaardiseerde dokumente gedoen, wat deur die Direktoraat: Assesseringsbestuur verskaf is. Terugvoerverslae oor die moderering is aan steekproefskole gestuur, waarna distrikte die bevindinge met opvoeders bespreek het. Hierdie gehalteversekerings- en modereringsproses is 'n geleentheid om opvoeders se ontwikkelingsinisiatiewe te verbeter.

9. **Bylae A**, wat by hierdie minuut aangeheg is, bevat 'n opsomming hiervan en bied algemene aanbevelings wat tydens die moderering in 2023 gemaak is.

10. In 2023 het die Departement van Basiese Onderwys en Umalusi ook twee keer geselekteerde skole vir moderering gekies. Omvattende verslae is met die spesifieke distrikte gedeel, asook die vakke wat gemodereer is. Sommige van hierdie aanbevelings word ook in **Bylae A** vermeld.

11. Prinsipale word versoek om toe te sien dat departementele hoofde/vakleiers by hul skole die bevindinge met alle toepaslike vakadviseurs en opvoeders bespreek om te verseker dat aanbevelings geïmplementeer word, en assesseringspraktyke op hierdie manier regdeur ons provinsie verbeter.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-11-24